

RESENSIE VAN DIE LITERATUUR VAN DIE OU TESTAMENT, DELE 1-4

Christo Lombard & J H Hunter
Universiteit van Namibia

Deel 1: Deist, F E & Vorster, W S (reds), 1986. *Woorde wat ver kom*. Kaapstad: Tafelberg. Pp 227. Prys R32,90 plus AVB.

Bosman, H L & Loader, J A (reds), 1987. *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg. Pp 149. Prys R32,90 plus AVB.

Burden, J J, & Prinsloo, W S (reds), 1987. *Tweegesprek met God*. Kaapstad: Tafelberg. Pp 384. Prys R39,50 plus AVB.

Deist, F E & le Roux, J H (reds), 1987. *Rewolusie van Reïnterpretasie*. Kaapstad: Tafelberg.

1. Inleiding

Hierdie resensie handel oor 'n merkwaardige Suid-Afrikaanse bydrae tot die studie van die Ou Testament: *Die Literatuur van die Ou Testament*, dele 1-4, uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers (1986 - 87)¹. Die vier publikasies is redaksioneel beplan en versorg deur 'n redaksieraad waarin prof. F E Deist, J J Burden, J A Loader, J H le Roux en H L Bosman van UNISA dien. Dit is duidelik dat die opset van die gesamentlike publikasiepoging, waaraan tien UNISA-kollegas deelgeneem het, deur die redaksieraad beplan is en toe deurgevoer is in oorleg met die twee mede-redakteurs, wat vir elke afsonderlike publikasie aangewys is.

Dit is byna onmoontlik om, selfs in 'n resensie-artikel, 'n indringende analiese te bied van die afsonderlike boeke van die reeks. Die vier publikasies is geskryf deur vakspesialiste, en dek 'n groot verskeidenheid van hedendaagse perspektiewe en benaderings ten opsigte van talle aspekte van die studie van die Ou Testament. Die doel van hierdie resensie kan hoogstes wees om die betrokke reeks bekend te stel en te tipeer, en enkele kritiese kantaantekeninge (veral van metodologiese aard) te

1. Die resensie is aanvanklik voorberei vir en geplaas in *Fasette* 1989 (2), 'n akademiese publikasie van die Windhoekse Opleidingskollege. Die inleiding en eerste twee resensies is deur prof. Christo Lombard, terwyl dr. J H Hunter vir die laaste twee resensies verantwoordelik is.

maak. Daar word dan ook meer klem gelê op die globale opset, metodiek en skopus van bruikbaarheid van die reeks, as op inhoudsdetail van die afsonderlike bydraes.

Die eerste en blywende indruk van die reeks is dat die gesamentlike akademiese bydrae wat gelewer word, werklik indrukwekkend is. Die eerste vraag wat egter vroeër of later by die gebruiker van *Die Literatuur van die Ou Testament* sal opkom, veral as hy of sy 'n Bybelkundedosent is, is juis dié na die intensie van die skrywers met die reeks, en na die bedoelde teikengroep. Die vier bande het immers sonder 'n eksplisiete, oorkoepelende plan of poging tot verduideliking van onderlinge verbande, die een na die ander op die toneel verskyn. Daar is weliswaar in latere dele terugverwys na sekere aspekte of beklemtonings in vroeëre dele, maar die gebruiker het geen aanduiding of Deel 4 nou die laaste in die reeks is, en of daar byvoorbeeld nog ses dele volg nie! Uit elke band se voorwoord blyk wel wat die opset, doel en skopus van die betrokke volume is.

In die voorwoord tot Deel 1 word byvoorbeeld gesê dat daar hermeneuties met die kommunikasiemodel van skrywer: boodskap: kode: leser gewerk word (eerder as om 'n volledige teksteorie uit te werk), en dat daar gepoog word om "n soort huwelik te bewerkstellig tussen historiese en literatuurkundige insigte rondom die Ou Testament'. 'n Vraag wat ontstaan, is of dié metodiese oorewegings óók vir die res van die reeks geld? Die leser van deel 1 word op geen wyse verwys na die verdere benaderings en perspektiewe wat in dele 2-4 volg nie. Hy word wel meegedeel dat elke bydraer, om pragmatiese redes, vryheid gegun word om binne die breë raamwerk wat in die voorwoord verduidelik word, sy eie gang te gaan. Die skrywers van deel 1 wil deur hulle aanpak verhoed dat die Ou Testament 'atomies' gelees word, en dat onvanpaste dogmaties-hermeneutiese sleutels op die Ou Testament toegepas word. Die kritiese vraag is nou of die losse, byna ongekonnekteerde opset van die reeks nie juis toe 'n verwarrende, kaleidoskopiese benadering van die Ou Testament kan lei nie?

Die gebruik van die reeks word ten volle in die hande van die gebruiker gelaat. Gedeeltes uit die vier publikasies word vir die UNISA-Bybelkundestudente voorgeskryf op verskillende stadia van hulle voorgraadse studies. Prof. Deist het egter self op navraag gesê dat die reeks as geheel te veel stof bied (byna een duisend bladsye) vir deeglike behandeling in 'n voorgraadse kursus in die Ou Testament.

Die vraag na die intensie van die reeks het eweneens geen voor die hand liggende antwoord nie. Daar word doelbewus van verskillende benaderings en Ou-Testamentiese probleme gebied, of probeer die skrywers tog as eindresultaat 'n soort panoramiese oorsig bied oor die studieveld, met klem op nuwe benaderings? Dat daar wel 'n poging tot deeglike inleidingkundige behandeling van die Ou-Testamentiese stof beoog is, word veral duidelik uit die opset van dele 2 en 3, waarin eerstens al die verhalende dele van die Ou Testament behandel word (deel 2), en dan al die 'boodskapgedeeltes' (predikers, digters en wysgere) aan die orde kom (deel 3). Uit die behandeling van die profete blyk dat daar 'n vaste patroon gevolg word om al die profete te behandel, en wel volgens die kanoniese volgorde van die Protestantse Bybel.

Die behandeling van die profete onderstreep ook nog 'n ander aspek van die breë benadering wat in die reeks gevolg word. Daar word nie soseer op die profete en hulle konteks gekonsentreer nie, as op die teks en taal van die profetiese literatuur. Ten spyte van die voorgenome 'huwelik' tussen literêre en historiese aspekte, blyk dit dat die skrywers van die reeks *de facto* eerder op die literêre wêreld van die Ou-Testamentiese teks konsentreer, as op die leefwyse wat deur die tekste veronderstel of weerspieël word.

Die leefwêreld word wel soms betrek (in sommige ekskursies, en byvoorbeeld ook in Deist se 'sosiale geskiedenis'-afdeling van deel 4), maar die hele effek van die reeks op die studie van die Ou Testament is dat dit goedsikks en grotendeels sonder 'n historiese en teologiese raamwerk (dus sonder relevante historiese, kulturele, religieuse en teologiese agtergronde) bestudeer kan word. Dit mag die outeurs se bedoeling wees dat studente, vóór hulle met die stof van die reeks gekonfronteer word, 'n afsonderlike inhoudelike en historiese oriëntering ten opsigte van die Ou Testament moet kry - maar dit word nie as 'n moontlikheid of wenslikheid genoem nie. Daar word nêrens aan die leser verduidelik hoe die verskillende dele saám 'n 'inleiding' tot die Ou Testament bied nie.

'n Verdere probleem met die opset van die reeks is die wisselende vlak waarop 'n aantal vakspecialiste beweeg in die daarstelling van handboeke vir wat waarskynlik as inleidende werke moet dien. Ten spyte van herhaalde versekerings, in die onderskeie voorwoorde, dat daar byvoorbeeld nie gepoog word om 'n 'omvattende teorie' of 'leesmodel' te bied nie; dat die 'genre-problematiek' omseil word; dat 'n 'pragmatiese benadering' gevolg word waarin 'teksteoretiese veronderstellinge' vermy word; dat die aanbieding primêr op die 'gebruiker' gerig is, word heel eksplisiete akademiese voorkeure - volgens elke medewerker se individuele aanvoeling, in die aanbieding van die stof ingebou, en is daar besliste verskille ten opsigte van die akademiese vlak waarop gewerk word. 'n Medewerker soos prof J A Loader het duidelik moeite gedoen (byvoorbeeld in sy hoofstukke in deel 2) om eenvoudige, maar verbeeldingryke taal te gebruik, wat sonder moeite vir junior studente en selfs leke verstaanbaar behoort te wees. 'n Ander medewerker, soos prof. J J Burden, skroom weer nie om tegniese terme en detail te betrek by sy besprekings nie. Loader het ook telkens streng gehou by die eenvoudige opskrifte ('samestelling', 'ontstaan', 'betekenis of boodskap' en 'vertolkingsgeskiedenis'), sonder bykomstighede wat die didaktiese patroon, wat klaarblyklik aanvanklik beplan is, verbreek. Soos begryp kan word, is 'n vereenvoudigde aanpak ook nie altyd bevredigend nie, en kan geforseerde 'omgangstaal' in 'n wetenskaplike werk ook as hinderlik ervaar word. Sommige medewerkers het baie moeite gedoen om interessante aspekte deegliker te behandel (byvoorbeeld in ekskursies soos dié van Deist), wat egter byna outomaties in 'n meer gevorderde *niveau* van behandeling resulteer.

Op sigself is die sogenaamde 'verskille' en 'diskrepancies' in die aanpak van die reeks nie noodwendig 'n diskwalifikasie nie - veral nie gesien in die lig van al die positiewe pluspunte van so 'n gesamentlike poging nie. Ons bedoeling is slegs om die leser bedag te maak op die tipiese interne probleme van so 'n 'versamelwerk': die

definitiewe verskille in aanpak en *niveau* wat binne so 'n formidabele opset nie met die eerste oogopslag duidelik is nie.

Die reeks is natuurlik nie sonder samehang of koherensie van stapel gestuur nie. Indien die 'logika' van die onderlinge verband tussen die vier dele aangetoon word, kan dit soos volg geskied:

In Woorde wat ver kom (Deel 1), word van 'n eenvoudige kommunikasiemodel gebruik gemaak waarin die verstaan van die verskillende tipe tekste (poëtiese tekste en verteltekste, asook tekste met verskillende perspektiewe: wysheid, apokaliptiek, profesie en reg) nagegaan word aan die hand van gegewens oor die skrywer, die teks (organisasie en funksie) en die gehoor. In *Vertellers van die Ou Testament* (Deel 2), word die benadering, soos uiteengesit in Deel 1, spesifiek op die verteltekste van die Ou Testament toegepas. Die drie groot 'historiese werke': die Heksateug, die Deuteronomistiese geskiedenis en die Kronis word saam met enkele ander groot 'vertellings' van die Ou Testament onder die volgende perspektiewe behandel: analise van die huidige (finale) teks; wordingsgeskiedenis; betekenis of boodskap; en 'n beknopte navorsingsgeskiedenis. In *Tweegesprek met God* (Deel 3), word die res van die Ou Testament ('die predikers, digters en wysgere') onder dieselfde vier perspektiewe behandel. Die Psalms, die wysheidboeke, die profetiese boeke en die sogenaamde 'Feesrolle' word in 'n lywige boek van bykans 400 bladsye deeglik inleidingkundig analiseer. In *Rewolusie en Reïnterpretasie* (Deel 4) word twee historiografiese streekproewe gedoen: 'n sosiaal-historiese analise van relevante Ou-Testamentiese gegewens oor die negende eeu v C, en 'n teologie-historiese *Ideengeschichte* van die ballingskap.

Dus: 'n hermeneutiese wegwyser (Deel 1) baan die weg vir die toepassing van 'n bepaalde inleidingkundige aanpak ten opsigte van verhalende en ander tipes tekste uit die Ou Testament (Dele 2 en 3), voordat probleme ten opsigte van die Ou-Testamentiese historiografie selektief aangepak word (Deel 4).

Wat in die omvattende reeks gebied word, is veel. Die vraag is egter of daar nie nog meer beoog word, en selfs beoog behoort te word nie. Nog lank nie alle aspekte van die Ou-Testamentiese studie - veral dié wat met die historiese en teologiese kante te make het - het in die reeks aan die bod gekom nie. Die omvattende aanpak is in dié sin nog nie omvattend genoeg nie. Die vraag bly dus steeds weer: wat het die skrywers beoog, en teen watter norme moet die bydraes getoets word? 'n Omvattende historiese en hermeneuties-teologiese raamwerk wat dit vir die student moontlik maak om die histories-kritiese en literêre versnippering van die Bybel, wat normaalweg in die inleidingswetenskap plaasvind, sinvol te verwerk, word in elk geval in *Die Literatuur van die Ou Testament* gemis.

Die redaksionele versorging van die reeks is, op enkele uitsonderings ná (soos aangetoon sal word), puik, en daar is heelwat tegniese en didaktiese hulpmiddels in die aanbieding van die groot hoeveelheid materiaal ingebou: deeglik voorbereide literatuurlyste by elke hoofstuk, asook 'n uitgebreide teks-, outeurs- en saakregister vir elke band. Weinig foute kon in dié gedetailleerde afdelings geving word. Verder is daar die bondige kantlyn-opsommings, treffende sketse en illustrasies, asook samevattinge (aan die einde van elke hoofstuk), wat vir die student uiters

waardevolle didaktiese hulp bied. 'n Verdere voordeel van die reeks is dat dit in Afrikaans en Engels beskikbaar is, wat die onderrig aan 'n tweetalige inrigting baie vergemaklik.

Hoewel die literatuurlys by elke hoofstuk uiters welkom is, en dit die student aan die internasionale debat oor die tersaaklike aspek kan laat deelneem, word die literatuur ongelukkig slegs in enkele gevalle in die bespreking betrek. Die gevolg is dat in die meerderheid van gevalle die bydraers hulle eie weergawes van teorieë, hipoteses en 'oplossings' aanbied, sonder om die akademiese debat *via* die relevante literatuur organies by die weergawes te betrek. Indien die uitsondering op die reël, naamlik die aanpak van deel 2, eerder die reël kon wees, sou die reeks die student se eie kritiese vermoëns baie sterker kon aanspreek. Soos die opset tans werk, moet 'n mens vra of die aanbieding nie aanleiding móét gee tot 'n kritieklose 'weergawe'-benadering aan die student se kant nie?

Op sigself genome is elk van die vier bande van die reeks relatief goedkoop. Saam kos die reeks (belasting ingesluit) byna R150,00. Die resensent kan nie anders as om die gesamentlike bruikbaarheid van die vier dele van die reeks op te weeg teen die voor- en nadele van ander bekende inleidings of kombinasies van inleidingkundige boeke nie. Daar bestaan vandag soveel knap oorsigte en inleidings, dat 'n keuse uiters moeilik word. Die keuse sal in elk geval afhang van die gebruiker se behoeftes, soos die suksesvolle afhandeling van 'n leerplan of die bereiking van gedefinieerde doelstellings van 'n bepaalde studieprogram. In die praktyk van Bybelkunde-onderrig in Suider-Afrika beteken die leerplan gewoonlik die bereiking van 'n redelik ingewikkelde pakket van doelstellings, soos: agtergrond van die Ou Testament (histories, kultuur-histories en religieus), hermeneutiek, inleiding tot die verskillende boeke van die Ou Testament, oorsig van teologiese en selfs etiese aksente uit die boeke, ensovoorts.

Die feite van die saak is dat die student vir ongeveer R150,00 'n deeglike oriëntering ten opsigte van een spesifieke benadering van die Ou Testament - 'n meer literatuurkundige benadering - kan kry deur gebruikmaking van die reeks wat hier bespreek word, terwyl hy/sy vir dieselfde prys byvoorbeeld een basiese oorsig kan gebruik soos Charpentier (1982) Vosloo (1987), Soggin (1976), Fohrer (1968), of Kaiser (1975), wat mekaar ten opsigte van historiese, teologiese en literêre gesigspunte aanvul. Dit is 'n moeilike keuse, wat selfs omseil kan word deur omvattende maar goedkoper eenband-inleidings soos Walton (1970) of Stacey (1979), aangevul deur leeswerk vanaf die reserwerak.

'n Besliste voordeel van *Die Literatuur van die Ou Testament* is dat individuele bande afsonderlik gebruik kan word om spesifieke dele van die bestek te ontdek, of om aanvullende perspektiewe by die normale inleidingskundige aanpak te gee - op wyses wat vir die dosent bruikbaar is in die loop van sy/haar gestruktureerde kursus. Dele 1 en 4 bied perspektiewe op onderskeidelik 'n literêre en historiografiese benadering van die Ou Testament wat in min ander 'inleidings' gebied word. Die hele reeks is uitstekend geskik vir verpligte leeswerk, saam met ander literatuur, vir 'n honneurskursus in die Ou Testament.

2. Resensie van Woorde wat ver kom (Die Literatuur van die Ou Testament, Deel 1) F E Deist en W Vorster (reds), Kaapstad: Tafelberg, 1986

2.1 Inleidende opmerkings oor die opset en die metodiek

Uit die voorwoord blyk dat deel 1 van die reeks veronderstel is om, sonder om 'n sistematiese 'teksteorie' of 'leesmodel' daar te stel, 'n eenvoudige hermeneutiese inleiding tot die verstaan van die Ou Testament te bied. Die vraag 'Hoe moet 'n mens die Bybel lees?' word dus nie met 'n afgeronde 'nuwe leestegniese evangelie' beantwoord nie, maar word benader deur die toepassing van 'n eenvoudige kommunikasie-model' op tipiese poëties en prosatekste, maar verder ook op 'besondere groepe tekste' - tekste met 'n wysheids-, profetiese, apokaliptiese en regspektief. In dié aanpak verkies die bydraers om nie aan die hand van vormhistoriese Gattungen te werk nie, maar ook om nie 'n meer algemene, literatuur-wetenskaplike genre-indeling te gebruik nie. Verder wou hulle nie soseer die teksteoretiese veronderstellings van hulle benadering na vore bring nie - hulle doel was meer 'pragmaties'.

Ten spyte van die uiters waardevolle en nuwe perspektiewe wat na vore gebring is deur middel van die benadering - waarin elke bydraer boonop nog heelwat vryheid vir elke interpretasie gelaat is - moet enkele kritiese vrae ten opsigte van die hele opset en metodiek van die belangrike inleidingsbundel tot die reeks gevra word:

Is dit moontlik om in 'n reeks van hierdie kaliber, wat veel meer bied as 'n inleidende rondpeusel, die teoretiese vrae en veronderstellings te vermy?

Kan besondere groepe tekste geïdentifiseer en behandel word sonder om in terme van genre-problematiek op dié of daardie 'perd te klim'?

Kan 'n hele boek (en metode) gebaseer word op wat genoem word 'n vereenvoudigde kommunikasie-model, sonder dat die model geïdentifiseer en in 'n mate geregverdig word?

Kan daar in die voorwoord teen onvanpaste dogmaties-hermeneutiese sleutels gewaarsku word, as een van die hoofdoelstellings van die boeke, sonder dat die hermeneutiese debat in eie reg toegelig word?

Kan die pretensie van 'n balans (huwelik) tussen historiese en literêre perspektiewe gehandhaaf word wanneer die historiese afgeskaal word tot ontstaanshistoriese, en daar bitter min van die vlees en bloed van die Ou-Testamentiese leefwêreld tereg kom in die reeks?

2.2 Redaksioneel

Die bundel is keurig versorg, en baie aandag is aan detail gegee. Daar kom min foute in die teks voor, veral as die uitgebreide literatuurlys en die volledige teks- en saakregister in ag geneem word. Tog kan daar gevra word: indien die Bybelboekafkortings wat gebruik is, afsonderlik voorsien word, wat dan van die afkortings van vaktydskrifte, wat sekerlik minder bekend is en tog seker in 'n bibliografie hoort?

Enkele hinderlikhede, wat met 'n herdruk aandag kan kry, is die volgende: in twee van die drie weergawes van die Ou-Testamentiese kanon (p 2), het die boek Rut weggeval. In die bibliografie word na die Engelse weergawe van die boek *From here to Eden* verwys, terwyl daar 'n Afrikaanse weergawe beskikbaar is. Iets wat tipografies hinder, is die vetgedrukte aanduiding van ekskursies in die inhoudsopgawe (net so prominent soos die opskrifte van die sub-afdelings), terwyl die ekskursies in die teks weer te onopvallend aangebied word. Hierdie bundel is nie van 'n outeursregister voorsien nie, terwyl dele 2-4 dit wel het.

Daar is 'n aantal lastige diskrepancies wat redaksionele aandag behoort te kry. Terwyl die hantering van die teks en sy kode deurgaans onder die sub-opskrifte 'taalorganisasie en taalfunksies', en 'teksorganisasie en teksfunksie' behandel word, vind dit nie by die profetiese en regstekste plaas nie. Daar is ook 'n aansienlike verskil in die wyse waarop verskillende bydraers dié aspekte (veral dié van teksfunksie) behandel. Daar kom ook diskrepancies voor in die manier waarop die uiters waardevolle kantlynopsomming gebruik word. 'n Voorbeeld van waar die opsomming te kort skiet, is op p 197, waar die aanduiding 'lys' in die konteks werklik te min sê.

Dit wil voorkom of die redaksie nie kon besluit of 'teksfunksie' ook in die rigting van 'teksresepsie' uitgewerk moes word of nie. In dié verband is Deist se eienaardige toevoeging, byna as 'n soort apologetiese korreksie tot die voorwoord, op pp 33-34, tussen twee ekskursies waarin hy teksresepsie aan die hand van twee voorbeelde bespreek, moontlik veelbetekenend. Hier sê Deist: 'Die bedoeling is derhalwe om 'n paar opstelle te skryf wat kan help om die meer metodies-rigiede kant van die lees van die Ou-Testamentiese tekste te belig.' 'n Mens sou dan ook tereg kon verwag dat 'n moderne kommunikasie-model by die kommunikasie van die teks met die lewer behoort te eindig. Verder sou verwag kon word dat eie leserresepsie van bespreekte tekste òf bygewerk moes word in deel 1, òf in die latere dele van die reeks. Deist is die enigste medewerker wat aan dié belangrike aspek van teksresepsie noemenswaardige aandag gegee het.

Origens gebruik *Woorde wat ver kom* maklik as handboek, en is die didaktiese hulpmiddels (opsommings, illustrasies en registers) baie waardevol vir die student wat die massa materiaal moet hanteer.

2.3 Bespreking van afsonderlike hoofstukke

2.3.1 Hoofstuk 1: Die ontstaan en verstaan van die Ou Testament (H L Bosman)

Hierdie kort eerste hoofstuk bied baie, maar die kanon- en hermeneutiese problematiek is so basies vir enige benadering ten opsigte van die Ou Testament, dat die beknopte aanpak nie bevredigend is nie.

Die kort historiese oorsig oor die interpretasie van die Ou Testament is ten spyte van die verhelderende skema: referensieel/intensioneel/immanent, wat daarin toegelig word, te kripties om die student werklik van 'n aanvoeling vir die verskillende venaderings te voorsien. Ook hier onderstreep die skrywer weer eens

die moderne hermeneutiese insig dat 'teenwoordig die verband tussen die teks en die lewer ook al hoe meer beklemtoon word (p 14). Voorts sê hy dat die poging van die boek 'om 'n brug te slaan tussen 'n historiese en literêre lees van die Ou Testament' voortspuit uit die post-kritiese vraag na die samehang tussen die teks en leser. Nogtans word dié aspek van die kommunikasie van die teks, naamlik met die leser, nie inherent by die basiese afdeling van die boek (en die reeks) betrek nie. Verder hinder dit dat 'n afdeling wat by hoofstuk 1 tuishoort, in 'n ekskursie in hoofstuk 2 behandel word.

Die ernstigste punt van kritiek teen die aanpak in hoofstuk 1 is egter die oorvereenvoudigde en pedantiese skema wat ten opsigte van die kanonproblematiek gebruik word: '1. Die tradisionele siening', en '2. 'n Alternatiewe siening'. Die suggestie hier is dat die betrokke skrywer se wit-swart weergawe van die tradisionele en moderne kanonopvattinge aanvaar moet word. Indien dit die skrywers se bedoeling is dat die lesers nie atomistiese insigte sal aangryp nie, behoort die aanpak nie op 'n onkritiese aanvaarding van hulle weergawe te berus nie. In dié opsig kon dit baie help indien die uitgebreide bibliografie selektief betrek kon word by die bespreking, sodat die student self kritiese steekproewe uit die akademiese debat op spesifieke belangrike punte kon doen.

2.3.2 Hoofstuk 2: Die skrywer, sy teks en gehoor (F E Deist)

Hierdie hoofstuk funksioneer as basis vir die metode waarvolgens verskillende soorte tekste in die res van die boek behandel word. Dit is duidelik dat Deist die teoretiese raamwerk van sy literêre bedryf deeglik beheer. Dit is wel jammer dat die kommunikasie-model nie meer eksplisiet verduidelik word in terme van die kommunikasiedebat en relevante literatuur nie.

'n Leemte in die hele boek, wat in hoofstuk 2 begin en vandaar deurwerk, is die gebrek aan terminologiese duidelikheid rondom 'die teks en sy kodes'. Hoewel Deist probeer onderskei tussen 'geykte vorme' (soos spreuke, lofpsalm, klaagliedere, ens), 'meer omvattende kommunikasie-konvensies' (soos prosa en poësie) en 'heel omvattende konvensies' (soos vertel, beskryf en lys), word die definisies nie deur alle bydraers op dieselfde wyse gebruik nie. Wat veral verwarrend werk, is die onderskeiding tussen 'teksorganisasie' en 'teksfunksie', wat nie altyd duidelik gehandhaaf word nie. In dié verband kan die verskillende opskrifte rondom teksorganisasie in die verskillende hoofstukke nagegaan word.

Soos gewoonlik, bied Deist meer as wat in terme van die geykte raamwerk verwag sou kon word. Sy ekskursies oor 'teksresepsie deur die eeue' is 'n voorbeeld van 'n oorspronklike bydrae oor 'n belangrike nuwe ontwikkeling, wat ook in die studie van die Ou Testament behoort deur te werk. Verder getuig dit van sy didaktiese bedreweheid. Studente kan veel meer leer uit die voorbeeld wat Deist in vier bladsye opstapel, as wat deur 'n lang teoretiese relaas verkry kan word.

2.3.3 Hoofstuk 3: Poëtiese tekste (J J Burden)

Hierdie hoofstuk bied 'n stewige bydrae tot die bundel. Die verduidelikings neig egter om te tegnies te raak (soos in die geval van 'poëtiese ritme', waar die metrum volgens die Sieversmetode bepaal word, sonder voldoende verduideliking daarvan), of om te gedetailleerd te word (soos met die vele voorbeelde van beeldspraak. Onnodige, ingewikkelde terminologie word ook gebruik (vergelyk byvoorbeeld anadiplosis, epitheton ornans, litotes, ens). Die uiteensetting oor die sogenaamde gedagterym (parallelismus membrorum), is verhelderend, veral weens goedgekose voorbeelde, maar daar moet gewaarsku word teen die gemeenplasinge veronderstelling dat Hebreeuse poësie geen klankrym ken nie (vgl Hunter: 1987:45,55,64. ens).

Die afdeling wat oor die onderskeid tussen poësie en prosa handel, behoort selfs vir die gewone letterkunde-student insiggewend te wees. By die bespreking van poëtiese teksorganisasie sou dit egter verwarring kon uitkakel indien 'lys' as vorm van teksorganisasie, beter van 'lys' as teksfunksie onderskei kan word.

2.3.4 Hoofstuk 4: Verteltekste (F E Deist)

In hierdie hoofstuk oor die Ou-Testamentiese verteltekste illustreer Deist op interessante wyse die sin van 'n literêre benadering tot die Bybelse teks. Hy gebruik die insigte van die moderne literatuurwetenskap (byvoorbeeld rondom aspekte soos soorte vertellers; die verband tussen feite en fiksie; verteltegnieke soos herhaling; die funksie van tyd en ruimte in verskillende soorte verhale soos mites, legendes, sages en fabels; verskillende vertelwyses soos representatief of illustratief; intrige-bou; ronde of plat karakters; verskillende gesigshoeke ...) om die verfynde verteltegnieke van die Ou-Testamentiese vertellers te illustreer. Trouens, teen dié agtergrond kan die unieke, en soms verstommende, bydraes van die antieke vertellers des te meer waardeur word.

Deist toon oortuigend aan hoe die Ou-Testamentiese literatuur in 'n groot mate geskep is deur mondelinge skrywers of voordragkuns-tenaars soos hofvertellers, wysheidsvertellers, tempelvertellers en apokaliptiese vertellers. Onderskeidinge wat hy maak, byvoorbeeld tussen skrywer en verteller (Moses word as verteller gebruik deur die skrywer in Deuteronomium); vertelkonvensies van vandag en die antieke wêreld; die universele en die unieke in die Hebreeuse vertelkuns; chiastiese en konsentriese vertelstrukture; intrige-bou rondom chaos en orde, en nog meer, werk uiters verhelderend ten opsigte van die verstaan van die Ou-Testamentiese verteltekste. Dit is verder interessant om voorbeelde van romantiese, satiriese, ironiese en komiese karakterisering in die Skrif na te gaan, en die legitimerende of kritiserende funksie van die vertellings te ondersoek

Deist sluit ook hierdie hoofstuk met enkele los opmerkings oor die meerduidige karakter van enige literêre teks, wat dit vir nuwe kreatiewe interpretasie vatbaar maak. Veral interessant is die feit dat verskillende vertellersgesigspunte (wat in die Bybelse teks dikwels teruggaan op verskillende weergawes wat bekombineer is) die boustene vir intrige-bou in die finale teks-komposisie bied. Gegee die inherente

dekonstrusiemoontlikhede van die Bybelse teks, is dit geen wonder dat die narratiewe teologie en kontekstuele teologie tans 'n hoogbloeï beleef nie.

2.3.5 Hoofstuk 5: Tekste met 'n wysheidsperspektief (J A Loader)

Loader bewys sy kundigheid op die terrein van wysheidstekste nie alleen deur die eenvoudige en ekonomiese (en daarom duidelike) omgang met die stof nie, maar ook deur die gebruik van sy eie vertalings, uit die oorspronklike bronne, van die illustrasietekste wat hy gebruik. Met behulp van sy doeltreffende illustrasies en voorbeelde kan selfs 'n leek die Hebreeuse chiasmes verstaan.

Die feit dat Loader die meeste van sy voorbeelde uit die boek Prediker haal, maak dit vir die dosent (en student) moontlik om dié boek meer intensief as voorbeeld van wysheidsliteratuur te bestudeer. Die meer beperkte aanpak is didakties suksesvol en skep vertroue by die student. Loader verduidelik egter ook aan die hand van Job belangrike aspekte van die funksie van wysheidsliteratuur: aan die een kant die ideologie-kritiese funksie van Job se teologie van protes, en aan die ander kant die feit dat latere lesers se situasie (byvoorbeeld in die tyd van Jakobus) ander aksente uit die Jobverhaal (byvoorbeeld sy geduld) kon raaklees - vanuit hulle situasie (leser-resepsie).

Die aanduiding van stappe van ontwikkeling in die Israelitiese wysheidsliteratuur is belangrik, maar sou meer betekenisvol kon wees binne 'n meer historiese aanpak van Israel se kulturele, religieuse, politieke en tegniese ontwikkeling. Om die nodige raamwerk - waarbinne historiese onderskeidings en ontwikkelings aangetoon word - by Bybelkundestudente of lidmate te veronderstel, kan fataal wees.

2.3.6 Hoofstuk 6: Tekste met 'n profetiese perspektief (J H le Roux)

In hierdie hoofstuk, wat deur 'n effens skraal bibliografie onderskraag word, word wel 'n poging aangewend om die profetiese beweging in Israel histories te plaas, in terme van omliggende ontwikkelings en in terme van hooftydperke van profetiese aktiwiteite. 'n Leemte is egter dat daar illustrasies en sketse van alles en nog wat voorkom, maar geen poging aangewend is om 'n oorsigtelike beeld van die profete se optrede te gee nie (vgl byvoorbeeld Anderson 1978:283,309,339,601-6).

Le Roux se behandeling van die profete se perspektief op die hede, verlede en toekoms is gepas, en van sy voorbeelde is timulerend, maar paragraaf 2 oor 'God se totale betrokkenheid' is geforseerd in die huidige konteks: dit kon eerder as 'n inleidende paragraaf gebruik word. Le Roux gebruik slegs enkele geselekteerde profete as voorbeelde. Die natuurlik vraag is: wat van die ander? Waar pas hulle in? Was hulle perspektiewe minder belangrik? 'n Verdere probleem is dat die voorbeelde wat by 'die Dag van die Here'-afdeling gebruik word, nie chronologies gerangskik is nie, en dus verwarrend werk: Jeremia word voor Jesaja behandel, en Miga ná Deutero-Jesaja!

'n Interessante afdeling is dié waar Le Roux die strominge binne die post-eksiliese profesie terugvoer na 'n stryd tussen die Sadokiete (Esegiël) en die Leviete

(Deutero-Sagaria). Die behandeling van 'geykte profetiese vorm' dek die spektrum deeglik, maar weer eens tree 'n terminologiese breedsprakigheid na vore wanneer hierdie 'groter konvensies' aangevul word met sogenaamde 'kleiner konstruksiepatrone', waaronder sekere 'woorde', 'frases', 'patrone' en 'hoofmotiewe' dan genoem word (p 151).

Hoofstuk 7: Tekste met 'n apokaliptiese perspektief (W S Vorster)

Hoewel Vorster veels te kort handel met die 'gehoor' en 'resepsie' van apokaliptiese tekste, help sy inleidende afdeling, oor 'terminologiese opheldering' heelwat om die apokaliptiese beweging as 't ware historiese 'van binne af' te begryp.

Terwyl dit gebruiklik geword het om die apokaliptiese met behulp van 'n lang lys van 'kenmerke' te onderskei, beskryf Vorster die apokaliptiek en sy taal as 'die skepping van 'n nuwe simboliese samehang', gebaseer op 'n 'krisiservaring' en die gevolglike 'vervreemding' (van 'n minderheidsgroep in die samelewing) van die 'betekenissimbole van die *status quo*' (p 159-60). Vorster beskryf dus die redes vir die ontstaan van die nuwe simboliese taal en werklikheidsduiding wat in die taal - uit sosiale interaksie - ontstaan het: as gevolg van 'kulturele, ekonomiese en godsdienstige ontworteling in Israel' (p 161). Die bedreiging van die Hellenisme het tot 'n ander eskatologie as dié van die profete aanleiding gegee, wat Israel sy geskiedenis binne nuwe konvensies (van versluiserde taalgebruik, simboliese boodskappe en pseudonieme) laat hervertel het, en wel met 'n sterk oorredingsmotief: bemoediging tot volharding in die lig van 'n sekere, hemelse uitkoms.

Vorster bring sy punt effektief tuis: 'Die moderne leser moet die kodes, konteks en funksie van hierdie tekste aanleer, en dit in ag neem wanneer die tekste gelees word' (p 176). Tog bly daar, juis na aanleiding van die kontekstuele behandeling van die Ou-Testamentiese apokaliptiek, die lastige vraag oor: is dié taalkonvensie beperk tot iets ver in die verlede wat histories verstaan moet word, of is dit ook 'n blywende werklikheidsperspektief wat (met wysigings en herinterpretasies) 'n aktiewe *Wirkungsgeschichte* handhaaf - selfs as 'n legitieme vertolker van (sommige) moderne Bybellesers se krisiservaringe?

2.3.8 Hoofstuk 8: Tekste met 'n regspektief (F E Deist)

Soos Vorster met die apokaliptiese tekste, beskryf Deist die tekste met 'n regspektief ook as deel van die hele sosiale stelsel van Oud-Israel. Kenmerkend van Deist se behandeling van sake, ook in hierdie geval, is sy filosofiese plasing van die onderwerp: in hierdie geval die 'idee' van reg. Hy toon aan hoedat die bopersonlike, natuurregtelike idee van reg (wat gekoppel is aan taboes, eedswering en beswerings) deur 'n groeiproses in die Ou-Testamentiese denke gekoppel geraak het aan die persoonlike idee van reg (wat nie soseer gebonde is aan beloning nie, maar aan etiese verantwoordelikheid en gehoorsaamheid aan sekere voorskrifte en rituele). Verskillende groeiprosesse het naamlik plaasgevind wat gelei het tot 'n identifisering van die twee regsbenaderings. Die wysheidstradisie het langamerhand

die wetstradisie inkorporeer, sodat 'n universalisering van God se wet weer die profete se eties-bepaalde toekomsvisie kon beïnvloed.

Deist se bemeestering van die stof blyk duidelik uit sy bespreking van die ontstaan van gebruike en wette: situasioneel, per analogie, *via* gemeenskapsverandering, uit hervormingsdrang, ensovoorts. Hy toon ook oortuigend aan hoe die afdwingbaarheid van wette verskillend geskied in verskillende sosiale stelsels.

Deist se bespreking van die anti-stadsgevoel en die invloed van verstedeliking en die 'industrialiseringsproses' in die Ou Testament, maak die antieke definisies van moraliteit, wat daar belig word, skielik uiters aktueel. In sy analise van die 'middelklas burger' van die stad, waar die ekonomiese mag gesentreer is', en die verarmde plattelandse 'proletariaat', huiwer hy nie om moderne ekonomiese analise met argeologiese data te verbind om Ou-Testamentiese regsituasie te verstaan en te interpreteer nie (pp 193-95).

In sy bespreking van die oortreding van norme bring Deist 'n verdere verrassende aspek in die prentjie: die onderskeid tussen sogenaamde skaamtekulture en skuldtekulture. Hy illustreer sy punt met 'n interessante voorbeeld uit Spreuke 7, waar die jong man nie soseer teen owerspel as 'n moreel verkeerde saak gewaarsku word nie, maar as iets 'dom' om te doen, terwyl dit in ander Ou-Testamentiese dele definitief as morele sonde hanteer word. (Dit is jammer dat Deist geen substansiëring gee vir die kategorieëse onderskeid tussen die twee 'regskulture' nie).

Die afdeling oor die teksorganisasie en -funksie van regstekste is baie beknop, en 'n mens sou meer wou hoor omtrent die stelling (teen die gevestigde Alt-tradisie) dat die sogenaamde apodiktiese (prohibitiewe) styl nie uniek Israelities is nie.

Deist voeg weer eens 'n kort ekskursie oor die resepsie van die besproke regstekste aan sy bespreking toe, en weer moet daar gesê word dat dit jammer is dat die voorbeeld nie deurgaans gevolg is nie. Veral ten opsigte van die wetsgedeeltes van die Bybel is die kwessie van herkontekstualisering (en dus die geskiedenis van resepsiegeskiedenis van regstekste) uiters aktueel.

Dit moet 'n glip wees dat hierdie hoofstuk twee samevattinge aan die einde het.

3. Resensie van vertellers van die Ou Testament (Die literatuur van die Ou Testament, deel 2), H L Bosman & J A Loader (reds), Kaapstad: Tafelberg, 1987.

3.1 Inleidende opmerkings oor die opset en metode

In die voorwoord tot hierdie tweede bundel in die reeks word verduidelik dat die insigte van deel 1 nou opgevolg word deur 'n 'bespreking van die Ou-Testamentiese geskrifte'. In deel 2 word gekonsentreer op die sogenaamde verteltekste van die Ou Testament: die Heksateug, die Deutronomiese geskiedenis, die Kronistiese geskiedenis, en langer vertellings soos dié van Josef, Rut en Jona. In ooreenstemming met die literêre benadering wat in deel 1 uiteengesit is, word die bespreking telkens begin met 'n 'oorsig oor die betrokke geskrif soos ons hom in sy

huidige vorm voor ons het', waarna die wordingsgeskiedenis en die boodskap (betekenis) van die geskrif, asook 'n oorsigtelike navorsingsgeskiedenis gebied word.

Die klem val op 'oorsigtelikheid in die bespreking en 'n beknopte bibliografie', nie op volledigheid nie; op 'inligting', en nie op 'vaktegniese debatvoering' nie. Hoewel die skrywers by die 'finale vorm' van die teks aansluiting wil vind, word erken dat die onderwerp 'samestelling van die finale teks' nog onontgin is. Die struktuurontledings wat hier gebied word, val dus ongelukkig nog dikwels vas in die geykte histories-kritiese analises wat juis nie met die finale teks as sodanig werk nie, dog eerder wil verklaar hoe dit só ontstaan het. Die huwelik tussen literêre en historiese benaderings val dus - wat die 'historiese' sy betref - nog in 'n groot mate vas in die intrige rondom 'wordingsgeskiedenis'.

Wat hinder in die aanpak, is die feit dat die drie groot 'historiese werke' in die Ou Testament uitsluitlik op hulle narratiewe waarde getakseer word - iets wat in sigself uiters sinvol is, soos die bundel inderdaad bewys. Daar word egter feitlik geen aandag aan die 'historiese resultaat' van die drie werke saam gegee nie. Slegs in deel 4 word enkele historiografiese steekproewe onderneem, wat as sodanig ook waardevol is, maar wat ook nie die behoefte by Bybelstudente aan 'n oorsigtelike begrip van die Ou-Testamentiese geskiedenis en die duiding daarvan bevredig nie. Hoeseer die Ou Testament as boek in die eerste plek as literêre versamelboek gelees behoort te wou, bly dit nogtans 'n feit dat die saak of sake waaroor dit gaan, gebaseer is op historiese realiteite en duidings daarvan in die historiese geloof van Israel - die werklike motor agter die hele literêre produk.

3.2 Redaksioneel

Enkele opvallende indrukke in verband met die redaksionele versorging van deel 2 is die volgende:

Die toevoeging van 'n outeursregister is 'n welkome verbetering op deel 1, maar ook noodsaaklik, omdat deel 2 (as enigste bundel in die reeks) in die behandeling van die stof dikwels na standpunte en literatuur verwys. Hoewel die benadering die materiaal moeiliker maak, is dit beslis 'n beter aanpak, ook in terme van die mondigmaking an die student in sy eie oordeel oor die standpunt wat aangebied word. Dit is 'n ernstige diskrepansie in die didaktiese aanpak van die reeks dat dit slegs in deel 1 is waar die 'beknopte bibliografie' (voorwaar 'n *understatement*) sinvol funksioneer. Wat die bibliografie betref, is daar 'n weglating van die bron van Landes waarna in hoofstuk 1 (1.69) verwys word.

Daar kom 'n aantal kleinerige setfoute voor: in paragraaf 1.66 (p 38) '...het dit nie veel (te) sê oor'; in '... (soos met die vloed) ...'het die afsluitingshakie weggeval, terwyl 'het' in paragraaf 3.81 (p 81) uitgeval het: '... sou die Kronis nie meer geken (het) nie'.

Opvallend is die feit dat Bosman in sy behandeling van die Deuteronomistiese geskiedenis sonder meer sterk ingaan teen 'n lang tradisie, met sy ponering dat daar nie van 'n deurlopende samehang van teologiese denke' in die geskiedswerk sprake kan wees nie (p 65), terwyl Van Dyk weer, teen die normale skepsis rondom die eenheid van die Kronistiese Geskiedswerk in, baie moeite doen om die eenheid te

substansieer (p 81 en verder). Loader, daarenteen, wil eerder let op die effek van die verhale waarop hy konsentreer, as om 'in sulke onsekere omstandighede' (soos in Rut) die bedoeling van die outeur te probeer aflei (p 111. Ten opsigte van Ester (p 117) gebruik hy dieselfde benadering: of die teks nou *via* bronne of redaksionele voorstadia ontstaan het, sy taak is nou om aandag te gee aan die geïntegreerde teks 'soos ons hom nou ken'. Hierdie tipe benadering ten opsigte van die finale teks is sekerlik meer in ooreenstemming met die metode wat in die voorwoord van sowel dele 1 as 2 voorsien word, en dit is jammer dat die redaksie van deel 2 nie strenger daarby gehou het nie.'

3.3 Bespreking van afsonderlike hoofstukke

3.3.1 Hoofstuk 1: Die Heksateug (F E Deist)

In sy uitgebreide bibliografie oor die Pentateug/Heksateug-navorsing kan Deist na vyf van sy eie publikasies oor die onderwerp verwys, insluitende die monografie *Mosaïek van Moses* (1976). Hierdie eerste hoofstuk van deel 2 van *Die Literatuur van die Ou Testament* verteenwoordig nie alleen die weloorwoë samevatting van Deist se insigte oor die jare heen nie (so 'n beknopte en duidelike weergawe van die bronneteorie en die bydraes van die groot name soos Noth, Von Rad, Wellhausen en Gunkel is skaars), maar illustreer ook sy dinamiek as akademikus duidelik. Daar is altyd nog weer iets nuuts, iets vars, wat hy byvoeg by vroeëre 'ontdekkings'. Hier kan met enkele voorbeelde volstaan word.

Deist toon onomwonde die sogenaamde 'bevrydingsmotief' in die Heksateug aan. Hy onderskei 'God-vir-die-hulpelose' selfs as hooftema van die Tora, indrukwekkend gesubstansieer vanuit die literatuur. Eksodus tot Numeri gee die kultiese, en Deuteronomium die religieus-etiese perspektief op die hooftema (p 5).

Deist wys daarop dat die ingevoegde wetsdele die gang van die verhaal vertraag, maar ook aanvul: 'In Levitikus word die hele lewe tot op die voedselsoorte toe georden om harmonie te verseker'(p 8).

Deist toon ook oortuigend aan hoe die vrouekarakters telkens op ironiese wyse prominent optree om 'die bordjies te verhang': 'Die redding van een seuntjie wat, *nota bene*, aan die Farao se eie hof grootgemaak word en opgevoed word, is deel van die plan van 'n eenvoudige Hebreuse vrou' (p 0). 'Deur 'n vrouekarakter kom die ongeluk in die wêreld, verkul Jakob sy blinde vader, beland Josef in die tronk, en word Moses se gesag bevaagteken. Maar dis ook uitsluitlik deur die toedoen van vroue dat Farao se uitwissingsplan gefnuik word ...'. Voorwaar stof vir 'n 'feministiese teologie'!

Deist het die vermoë en die moed om vroeëre taboes en gevestigde 'sekerhede' krities te toets:

* Die krisistye (byvoorbeeld die ballingskap) is nie noodwendig die hoogbloeytyd vir literêre aktiwiteit nie (p 29).

* Groot dele van Israel se literêre aktiwiteit het 'n legitieme funksie ten opsigte van *status quo*-idees en dus nie slegs 'n terugkykende, verklarende (teodisee-)funksie nie (p 29).

* Die noordelike tradisies verteenwoordig 'n profeties-teokratiese en die suidelike tradisies 'n priesterlik-dinastieke nomokrasie (hiërokrasie, burokrasie!) (pp 31, 42).

* Die verhale van die aartsvaders is nie 'n een-tot-een 'werklike verslag' oor 'wat gebeur het' nie, maar weerspieël sosiologiese en etnologiese verhoudings van die vóórstaatlike Israel (p 38).

* Teenoor die moderne neiging om die Heksateugverhale as histories niksseggend en teologies as relatief láát konstruksies te beskou, stel Deist die kernvraag: 'Die probleem is of die materiaal van die Heksateug werklik uit die tyd van, of ná die ballingskap kom?' (p 39).

Daar moet egter ook 'n paar kritiese opmerkings gemaak word ten opsigte van Deist se aanbieding van die Heksateug-vertellings.

Die illustrasies en opsommings is oorwegend duidelik, maar daar is enkele uitsonderings, soos die sketse op bladsy 12, wat vir die gemiddelde leser net te ingewikkeld mag wees. In sommige opsommings word die betrokke name en standpunte weergegee, terwyl in ander volstaan word met uiters kriptiese weergawes. Ten spyte van die handige opsommings van die bronneteorie (J, E, D, P), sou 'n mens tog 'n kort weergawe van die tipiese kenmerke van die onderskeie bronne (soos die Elohis en Jahwis) verwag. Daarsonder bly die behandeling van die ingewikkelde stof erg teoreties.

Wat Deist op pp 29-35 aanbied as 'n voorlopige samevatting van die geskiedenis van die Heksateug' is nie soseer 'n opsomming van die voorafgaande uiteensettings van teorieë en hipoteses nie, maar verteenwoordig eerder sy eie poging tot 'rekonstruksie'. Dit sou goed gewees het om dit duideliker te stel as sy eie voorkeure uit te spel. (Deist bly steeds sterk beïnvloed deur die Gunkel-skool se poging om Israel se geskiedenis en teologiegeskiedenis te verstaan in terme van die *Wirkungsgeschichte* van besondere plekke soos Sigem, Hebron, Gilgal en Sinai, en hy onderskei die noordelike en suidelike tradisies en die invloed van sekere hervormingsgesinde konings in sy pogings om die verskillende tradisies sáám in hulle finale vorm te interpreteer.)

3.3.2 Hoofstuk 2: Die Deuteronomiese geskiedenis (H L Bosman)

Die sterk punt van hierdie hoofstuk is die goeie inhoudsoorsigte wat oor die groot deel van die Ou Testament gebied word, toegelig met eenvoudige, duidelike illustrasies. Die ekskursies wat agtereenvolgens aan interessante of problematiese aspekte van die boeke Deuteronomium, Josua, Rigters, Samuel en Konings gewy word, is ook waardevol, hoewel soms bietjie beknop. Die opskrifte van die ekskursies is ook misleidend, omdat hulle nie spesifiek genoeg is nie: die ekskursie oor 'die struktuur vn Deuteronomium' handel eintlik net oor die moontlike

verdragstruktuur van die boek, terwyl 'belangrike motiewe' te 'n vae aanduiding is van die spesifieke sake wat in die ekskursie oor die Samuelboeke aangesny word. Die ekskursies oor die Simsonsages en die sinchronisering van die Israelitiese en Judese konings is waardevolle hulpmiddels by die studie van die Deuteronomiese geskiedenis (DG).

Bosman volg ook Deist se metode, naamlik die aanbied van bepaalde standpunte met literatuurverwysings. Op enkele belangrike plekke ontbreek die nodige verwysingsraamwerk vir stellige uitsprake egter. In die verband kan verwys word na sy uitspraak betreffende die gebrek aan teologiese samehang in die Deuteronomistiese geskiedenis (p 65); die gebrek aan redes vir sy uitspraak dat die 'hoop' in die eksiliese konteks nie as 'Messiaanse hoop' te sien is nie (p 72); en die afwesigheid van motivering vir sy uitsprake oor die datering van die Deuteronomistiese verbondsbepalings (p 47).

Die een belangrike aspek van die DG wat gewoonlik ruim aandag geniet, naamlik die moontlike verband tussen Josia se hervorming en die ontdekking van die sogenaamde 'Deuteronomistieke wetboek', word te beknop behandel, en sonder verwysing na die uitgebreide literatuur daaroor. Weinfeld se belangrike studie oor die Deuteronomistiese 'skool' (1972), word byvoorbeeld nie werklik by die bespreking betrek nie.

Bosman toon wel interessante patrone in die Deuteronomistiese verhale aan, byvoorbeeld dié van die verwerping van die aansienlikes, soos geïllustreer deur die stryd tussen Samuel en Eli se seuns, Dawis *versus* Saul, en Amnon en Absalom *versus* Salomo (56); so ook die patroon wat ten opsigte van die konings van Juda en Israel gebruik word: chronologiese plasing, godsdienstige oordeel en verwysing na sekere annale. Bosman maak ook 'n legitieme onderskeiding tussen die 'twee redaksionele blokke' voor en ná 2 Konings 23:25: die breedsprakig beskrywing, positiewe beskrywing van die konings en die bondige, pessimistiese beskrywing van die koninkryk se ondergang. Sy indeling van standpunte rondom die DG as 'gelaagde werk', en as 'redaksionele samevoeging van blokke', is nie altyd ewe duidelik nie: die onderskeid tussen 'lae' en 'blokke' is nie in alle gevalle helder nie.

Dit is duidelik dat Bosman veral aansluiting vind by die sogenaamde kompromie-standpunte van Lohfink, Mayes en Smend. Dit is jammer dat hy nie 'n tabel ingevoeg het waarin die benaderde ooreenkomste tussen Lohfink se eerste Deuteromis en die redaksies in die tyd van Josia en die ballingskap, aan die een kant, en Mayes se *Deuteronomistic historian* (vgl Smend se *DtrH*) en *Deuteronomistic editor* (vgl Smend se *DtrN*), aan die ander kant, aangetoon word nie. Bosman se voorstel van 'n 'Deuteronomies-Deuteronomistiese beweging', wat die DG in 'n ruimer redaksionele verband betrek, kan positief oorweeg word, mits dit nie gebruik word om die stof op te breek in verskillende (priesterlike, profetiese en wysheids-) teologieë nie, en mits die finale teks van die DG ernstig geneem word. Didakties mag dit sinvol wees om die boodskap van die DG in twee duidelike tydvakke na te gaan, maar die vraag en uitdaging bly: hoekom is die twee (of meer) aksente sáám behou, en hoe moet hulle sáám verstaan word? Noth se een-outeur-hipotese mag wel

agterhaal wees, maar die wins van sy benadering was dat dit die werk as eenheid en in sy finale vorm ernstig geneem het.

3.3.3 Hoofstuk 3: Die Kronitiese geskiedswerk (P J van Dyk)

Dit is verblydend dat hierdie afgeskepte deel van die kanon ook 'n deeglike, afsonderlike bespreking as vertel-eenheid kry. Van Dyk doen baie moeite om aan te toon dat die argumente teen die eenheid van die Kronitiese geskiedswerk (Kronieke, Esra en Nehemia) nie as deurslaggewend beskou kan word nie. Hy konsentreer egter nie genoeg op die probleme wat Kronieke as latere toevoeging by Esra-Nehemia vir die teorie van 'n Kronitiese redaksie lewer nie.

Van Dyk se bespreking van die tradisionele probleme rakend die Kronis, byvoorbeeld die chronologiese plasing van die figure, Esra en Nehemia, en die duidelike anachronismes en foute ten opsigte van die Persiese ryk, is deeglik. Sy ekskursie oor die outeurskap van tradisionele verhale is verhelderend; so ook sy gesuggereerde oplossing dat 'n mens moet aanvaar dat die Kronis tematies eerder as chronologies gewerk het, en Esra dus ook met sy toesprake op die gepaste plekke in die konteks van Nehemia 'ingevoeg' het, ter wille van die boodskap wat hy wou oordra. Die samevattende afdeling wat ná die ekskursie oor outeurskap volg, kort 'n eie opschrift om verwarring te voorkom. Die oplossing wat in die ander ekskursie gebied word, dié oor die wisseling tussen die eerste en derde persoon, is ontoereikend (p 85). Die stelling dat die Kronis nie 'n *midrash* is van Samuel en Konings nie, en ook nie 'n vervalsing van die tradisionele verteenwoordig nie, kort meer motivering. Daar kan ook in dié verband verwys word na wat in Paragraaf 3.66 volg.

Van Dyk se opsomming van die verskillende boodskap-elemente wat verskillende navorsers in die Kronis raakgelees het, is interessant, maar sy persoonlike afsluitende opmerkings klink bietjie flou (3.127): 'Indien die Kronis se werk teen die agtergrond van sy tyd verstaan word en geen realitiese en moderne eise aan hom as geskiedskrywer gestel word nie, hoef sy werk nie langer op die rand van die kanon te figureer nie'. Daarby is dit onverstaanbaar dat Van Dyk ongesubstansieer en reg aan die einde twee boodskap-elemente byvoeg wat nie vroeër behandel is nie (3.128): '... dat God ingryp in die geskiedenis en dat verlossing vir alle mense bedoel is'.

3.3.4 Hoofstukke 4-7: Die verhaal van Josef; Rut; Ester; Jona (J A Loader)

Loader is die skrywer van 'n bekende kommentaar oor Ester, en het reeds verskeie artikels oor Josef en die narratiewe tekste van die ou Testament gepubliseer. Hy bemeester nie alleen die stof op so 'n wyse dat hy vergelykings en kruisverwysings ten opsigte van ooreenkomste en verskille van vele aspekte in die verskillende verhale met gemak kan maak nie, maar sy didaktiese aanpak is ook eenvoudig en helder. Hy gebruik die vier kategorieë 'samevatting', 'ontstaan', 'boodskap', en 'vertolkingsgeskiedenis' sonder enige ekstra fieterjasies, sodat die student presies weet waar hy (of sy) staan. Sy taalgebruik is vars en skerp. Tog kan Loader se

'straattaal' sommige lesers hinder: 'skinderbek', 'knaap', '... selfs wat verbeel teenoor sy pa' (p 101).

Loader se toeligting van die Josef-verhaal vanuit die (Egiptiese) wysheidstradisie, as wysheidsnovelle, is verhelderend. Hy erken dat die Josefverhaal, as deel van die Heksateug, verwickel is in eie omstredenhede oor die ontstaan van die Heksateug (al is dit dan ook in eie reg 'n wysheidsvertelling), en verwys dan vir die detail na hoofstuk 1, waar daar egter ook nie eksplisiet op die plek en posisie van die Josef-tradisie ingegaan word nie. Hy toon wel aan hoe tradisionele materiaal, soos Genesis 38 (Juda en Tamar) en Genesis 49 (Jakob se spreuke oor sy seuns), ingevoeg is om te help om die Josef-novelle met die res van die aartsvaderverhale te integreer (p 103). Dit sou die nuuskierige leser meer bevredig het as Loader nie so kripties oor die moderne aksente van die Pentateug-kritiek rondom Josef gegaan het nie (4.18).

Loader lê belangrike verbande rondom Josef: die novelle vorm die brug tussen die aartsvaderverhale en die eksodus; die verhaal moet as 'toegepaste wysheid' gelees word (eerder as historiese teks), en soos Rut en Ester beklemtoon die verhaal die komplementariteit van God en mens (die mens wik, maar God beskik). Hoewel die lesing van die Josefverhaal uit en uit die moeite werd en legitiem is, moet daarop gewys word dat die verhaal in sy huidige konteks sekerlik ook bedoel is om die redes en agtergrond vir God se bevryding van sy onderdrukte volk te gee (Noth 1972).

Daar het 'n foutjie ingesluip by die opsomming op p 100: 'Die basiese tema ... is op 'n kruispatroon gestruktureer ...'(in plaas van 'kennispatroon').

Rut word ook deur Loader as 'n novelle behandel, en wel met 'n samestelling volgens die sogenaamde ringskomposisie. Loader toon aan dat die komposisie intakt bly ook as die problematiese geslagsregister van Boas tot Dawid (hoofstuk 4:17b - 22), wat deur sommige kommentare as 'n latere toevoeging beskou word, wegval. Loader systap in 'n sekere sin die probleme van die boek Rut (die oorspronklikheid al dan nie van 4:17b-22 en die dateringsproblematiek wat daarmee saamhang), deur sy uitspraak dat 'n mens nie met sekerheid daarvoor uitsluitel kan gee nie. 'Ons moet eerder let op die effek wat die verhaal het, as om in sulke onseker omstandighede die bedoeling van die outeur te probeer aflei' (p 111). 'n Mens kan met die beginsel saamstem, maar dan moet met verskillende belangrike aspekte rekening gehou word: die 'effek' van 'n boek soos Rut kan heel verskillend vertolk word, soos Loader self aantoon (met beklemtoning van Rut as literêre werk, protesliteratuur, bekerings-prediking, ens;) verder moet die effek van Dawid se verrassende stamboom (*via* 'n Moabitiese vrou) ook in die interpretasie betrek word. Dat die boodskap van die boek nie tot die mooi 'bekeringsperspektief' ('U God is my God', Rut 1:16b) beperk kan word nie, is duidelik vir enige onbevange leser van die teks van Rut se aangrypende verhaal.

Ook ten opsigte van die novelle van Ester, wat deur vele kommentare tot soveel as drie ouer bronne teruggevoer word, blyk Loader se beproefde benadering: 'Of ons nou met sulke bronne ... of met redaksionele voorstadia van die boek rekening hou of nie, is die literêre gehalte van die verhaal soos ons dit nou ken, van so 'n gehalte dat dit getuig van 'n geïntegreerde, sluitende eenheid wat as sodanig ons aandag

verg' (p 117). Loader se meervlakkige analise van die betekenis van die verhaal van Ester maak 'n mens bewus daarvan watter bydrae sorgvuldige literêre analise van die teks, soos ons dit nou voor ons het, tot die verstaan van verwaarloosde Skrifgedeeltes kan lei. Juis die sogenaamde 'afwesigheid van God' kan dan as 'n oorweldigende verskuilde teenwoordigheid in die teks ontdek word. Baie interessant is die parallel Ester-Moses wat deur Loader aangetoon word: aangenome kinders, aanvanklike terugdeinsing voor die taak, onderonsies by die koninklike hof, instelling van 'n nasionale fees. Geen wonder nie dat moderne dramaturge soms meer in die verhalende dele van die Ou Testament belangstel as teoloë nie!

Ten opsigte van die origens interessante gesigspunte rakende die novelle van Jona, wat deur Loader bespreek word (soos die simmetriese, chiasiese opbou van die verhaal en die suksesvolle aanwending deur die outeur van elemente soos spanning, humor, kontrastering en ironie), bly die indruk dat Jona effens afgeskeep is. Dit blyk by afdeling B oor die ontstaan van Jona, waar daar sonder motivering eers 'n paragraaf oor 'die lied van Jona' aangebied word, waarna enkele standpunte genoem word. Wat die boodskap of betekenis van Jona betref, kombineer Loader weer eens meer tradisionele suggesties, gekoppel aan 'outeursbehandeling' (soos die sendingprotes teen partikularisme met meer literêre deduksies uit die teks (soos die verhouding van profeet en God, en die dilemma van God se oordeel en sy genade: God keer hom teen die sonde, maar het die sondaar lief). Dat Jona ook onder die verteltekste, en nie net onder die 'profete' behandel word nie, is sekerlik in orde: 'Die boek Jona is 'n goeie novelle óór 'n profeet, eerder as ván 'n profeet' (p 127).

4. Resensie van tweegesprek met God (Die Literatuur van die Ou Testament, deel 3) J J Burden & W S Prinsloo (reds), Kaapstad: Tafelberg, 1987

4.1 Inleiding

Die resensie word in drie dele gedoen. Eers word 'n paar opmerkings oor algemene redaksionele sake gemaak. Tweedens word die interpretasiemetode wat in hierdie boek aan die orde is, behandel. Derdens word die inhoud van die boek aangespreek. Hierdie laaste deel word, soos ook in die boek self die geval is, onder drie hoofde bespreek, naamlik 'predikers', 'digters', en 'wysgere'.

4.2 Redaksioneel

Op enkele bladsye van die boek het eienaardige foute ingesluip. Een illustrasie sal voldoen: op bladsy 5 word die teorie van die geleerde Hartmut 'Gess' (1958) bespreek; dit moet natuurlik Gese wees. 'n Verlengstuk van hierdie fout kom voor in die outeursregister, waarvan 'n mens, terloops, nie seker is of dit bedoel is om volledig te wees nie. Taalfoute en tikfoute kom ook voor in hierdie kategorie, soos byvoorbeeld op bladsy 19: '...weet hy dat met die "slagoffers" bedoel word na mense wat in motorongelukke die lewe laat'.

4.3 Metode

Die benadering wat in hierdie werk gekies is, verstaan die Ou Testament as literatuur (vgl byvoorbeeld p 78). (Hier mag dit lyk asof die skrywers mekaar weerspreek, aangesien daar in die voorwoord staan dat daar nie 'n spesifieke werkwysse of model voorgeskryf is vir die boek nie.) Hierdie verstaansbenadering behels dat die Ou-Testamentiese teks gelees word in sy gedifferensieerdheid ten opsigte van genres. So 'n benadering van die teks soek na die funksies van verskillende genres. Daarby word tekste gelees teen hul historiese agtergrond en met inagneming van hulle ontstaansgeskiedenis en redaksionele ontwikkeling.

Die literatuurbenadering wil wegkom van dié interpretasie van die Ou Testament wat na 'n lesse of boodskap soek in elke vers, soos so dikwels in die verlede die geval was. Trouens, in die sogenaamde konserwatiewe benaderings wat die inspirasie van die Bybelteks in elke letter daarvan probeer red (vgl byvoorbeeld King 1973; Bloesch 1980), word die gedifferensieerdheid van die Bybelteks eerder geïgnoreer as verwerk. Dit laat hierdie interpreteerders met die keuse om slegs onbevange na 'n teks te luister, en so die intensionele betekenis van die Bybelteks te ontdek wat op 'n 'geïnspireerde' wyse in die teks ingeplaas is (vgl byvoorbeeld Johnson 1984; Klooster 1984). 'n Metode is 'n menslike ontwerp wat juis die onbevange luister na die stem van die Heilige Gees in die teks verhinder, sal hierdie geleerdes argumenteer.

Die literatuurbenadering wil wegkom van so 'n oorvereenvoudigde interpretasie-aksie, en wil eerder metodies soek na betekenis in die teks. Ten spyte daarvan dat skrywers waarskynlik geïnspireerd hul tekste neergeskryf en geredigeer het, is betekenisontdekking in hierdie tekste nie 'n eenvoudige saak nie, en kan van interpretasie nie ontkom word om betekenis te verkry nie.

Hier moet onmiddellik egter ook weer 'n kritiese opmerking gemaak word. Met wat onder 'betekenis' of 'boodskap' of 'teologiese hooftrekke' bespreek word, tree 'n soort ambivalensie in aanpak by die skrywers weer in. Hier word die boek as geheel meesal behandel (behalwe byvoorbeeld by Jesaja). In hierdie dele word die Bybelboek as geheel dus as genre beskou. So byvoorbeeld sou die Psalms 'n baie meer genuanseerde uitwerking van teologiese hooftrekke behoort te hê, hoewel die skrywers se onbenydenswaardige situasie ten opsigte van ruimte verstaan word. Daniël kan ook as voorbeeld dien. Dié boek is nie net apokaliptiese geskrif nie. Die bespreking onder 'teologiese betekenis' is egter net hierop toegespits. In elk geval, met die uiteenlopendheid van die opskrifte van hierdie spesifieke gedeelte in elke bespreking, asook die feit dat hierdie bespreking nie altyd op dieselfde plek in die bespreking van 'n Bybelboek geplaas is nie (vgl byvoorbeeld die bespreking van Loader), word reeds ontdek dat die skrywers miskien nie almal ewe gerus daarvoor gevoel het nie.

As 'n verdere punt in dieselfde besprekingslyn, net 'n waarskuwende gedagte: ons moet uiters versigtig wees om te veronderstel dat die digters of skrywers van die Ou Testament noodwendig moderne genre-indelings gevolg het. In die verband is dit gevaarlik om van mengvorme ten opsigte van genres te praat. Hoewel dit duidelik is dat daar genre-indelings was, bly ons moderne genre-toekennings aan die teks van

die Ou Testament grepe vanuit die moderne tyd op die teks, en sou dit maklik kon wees dat die Ou-Testamentiese skrywers hul baie min gesteur het aan die vermenging van genres, hoewel vermenging natuurlik ook deel van die redaksionele ontwikkelingsproses van die teks kon wees.

Die literatuurbenadering verteenwoordig nietemin 'n groot stap vorentoe in ons verstaansbenadering tot die Ou Testament. Die reeks wat hier bespreek word, is die grootste enkele poging op die gebied van die Ou-Testamentiese wetenskap om hierdie benadering en die praktiese funksionering daarvan in Suid-Afrika bekend te stel.

4.4 Bespreking van spesifieke boeke

4.4.1 Algemeen

Omdat geen resensent kan pretendeer om 'n spesialis ten opsigte van al die bespreekte Bybelboeke in *Tweegesprek met God* te wees nie, word elke afsonderlike boek nie in besonderhede bespreek nie.

Dit is moeilik om altyd uit te maak wie nou eintlik die teikengemeenskap van *Tweegesprek met God* is. Sekere probleme waaroor in die geskiedenis van die wetenskaplike bestudering van die Ou Testament nie alleen bladsye nie, maar boeke geskryf is, word sonder veel diskussie behandel. 'n Voorbeeld is die bespreking van die driedeling van Jesaja. Hierdie probleem word egter in die voorwoord opgevang, waar die skrywers juis sê dat hulle nie alle teorieë wou hanteer nie.

Afgesien van die problematiese kant van die boek, is dit egter 'n uitstekende werk wat 'n noodsaaklike leemte in Suider-Afrikaanse publikasies oor die Ou Testament vul. Die skrywers is almal bevoegde, 'afgestudeerde' geleerdes van wie 'n uitstekende publikasie verwag kon word.

4.4.2 Predikers

Naas die feit dat sekere probleme baie vlugtig hanteer word, is daar nie veel kritiek op hierdie gedeelte nie. Die skrywers het nie beplan om 'n volledige inleiding te skryf nie, en sê dit ook in die voorwoord, hoewel die 'sewe moderne vakkundiges' 'n vrye hand gehad het ten opsigte van lengte en volledigheid.

Die werk van Le Roux op die gedeeltes waarvoor hy verantwoordelik was, het ek goed gevind, maar wil terselfdertyd nie afbreuk doen aan die ander gedeeltes deur die ander skrywers nie. Le Roux maak hom egter ook aan metodologiese flaters skuldig. In die literatuurbenadering kan teks en werklikheid nie dieselfde wees nie. Aflleidings soos in die volgende stelling gereflekteer, behoort dus nie in hierdie boek te verskyn nie: 'Aangesien dit 'n werklike gebeurtenis was, spreek dit vanself dat Esegïel self ook teenwoordig moet gewees het.'

Hoewel die besprekings in *Tweegesprek met God* nie 'n volledige kommentaar op die profete verteenwoordig nie, is die bespreking tog uiters waardevol vir verdere gebruik as inleiding op die onderskeie Bybelboeke en sowel vakkundiges as predikante kan dit nuttig gebruik. Heelwat aanvulling sal egter nog uit kommentare

en ander volledige inleidings gedoen moet word om veral problematiese gedeeltes meer volledig te belig.

4.4.3 Digtors

Die inleiding tot die bespreking van die psalms is effens uit pas met die res van die boeke. 'n Mens wonder of *Tweegesprek met God* net bedoel is om deur Christene gelees te word. Sou Jode of ander groepe wat ook belangstel in die Ou Testament dit ook kon gebruik het? Hoekom so spesifiek en eksplisiet met Christene praat in die inleiding?

Omdat hierdie korpus nie so omvattend is as in die geval van die profete nie, word tog 'n paar probleme uitgesonder wat hier pla.

Die datering van 'n groep psalms word op bladsy 17 vanuit inhoudselemente in die teks afgelei. So word daar beweer dat die koningspsalms 'n Israelitiese koning veronderstel en dus uit die tyd voor die ballingskap kom. Die stelling is moontlik korrek, maar tog ook nie noodwendig nie. Indien toegegee word dat 'n skrywer kan skep in sy teks, kan daterings nie ewe gerus uit die inhoud van so 'n teks afgelei word sonder baie meer getuienis nie.

Ook 'n stelling op bladsy 18 verteenwoordig so 'n fout. Oor die Koragbundels word gesê dat hulle ná die Kronis se voltooiing saamgestel is omdat die Kronis 'n spesifieke siening oor die status van die Koragiete handhaaf. Die afleiding oor die datering van die Koragbundel neem egter nie die feit in ag nie dat die Kronis se voltooiingsdatum 'n lang redaksiegeskiedenis vooraf kon gegaan het, en dat die Koragbundel nie noodwendig eers aan die einde van die geskiedenis hoef te ontstaan het nie.

Dieselfde soort probleem as by die profete kom op bladsy 36 voor. Hier word 'n sprong gemaak vanaf die teksinhoud na die godsdienstige lewe van die digter en 'n kategorieëse afleiding oor sy opvatting gemaak. Die teks word so 'n presiese weergawe van die opvatting van die digter. Dieselfde sprong word in die bespreking van Klaagliedere gemaak, waar vanuit poëtiese kreatiwiteit die volgende stelling (p 29) gemaak word: 'Die idee van balans, wat herkenbaar is in alle parallelismes in die Ou Testament, is oorwegend in die konsentriese denkwys van die Israeliete'.

Ander punte van kritiek uit die besprekings van die poëtiese materiaal kan geopper word, maar een stelling op bladsy 151 in die bespreking van Klaagliedere verdien veral aandag: 'Hulle (alfabetiese liedere) is veronderstel om die oog te vang en nie die oor nie, soos in die geval van die mondelinge voordrag'. In hierdie liedere kom natuurlik ook ander poëtiese kenmerke voor, soos assonansie. Die liedere kan beslis nie net vir die oog gedig gewees het nie, maar het ook in skoonheid die oor getref. 'n Sterk skeiding tussen die geskrewe en sonderlinge karakter van gedigte behoort nie getref te word nie.

Origens getuig ook hiedie gedeelte van die boek van deeglike navorsing, en kan ook dit met groot nut gebruik word in Bybelstudieklasse en dosentelokale. *Tweegesprek met God* is veral waardevol omdat dit juis die werking van poësie illustreer, asook die agtergrond daarvan toelig.

4.4.4. Wysgere

Loader, wat vir hierdie gedeeltes in die boek verantwoordelik is, is een van Suid-Afrika se bekendste geleerdes op die gebied van die wysheidsliteratuur. Ek waardeer die 'objektiewe' en saaklike manier waarop sy gedeeltes geskryf is, teenoor wat hierbo oor die inleiding tot die psalms gesê is.

Loader se bydraes is egter bondig. 'n Mens kry die indruk dat hy baie meer kon gesê het. Nadat die inhoud van byvoorbeeld Job in twee bladsye opgesom is, word die navorsingsgeskiedenis in drie bladsye behandel en daarna word 'n bladsy aan die betekenis van Job gespandeer. 'n Mens sou wou sien hoe die verskillende modelle wat genoem word, inmekaar skakel om die uiteindelijke boodskap te verkry.

Dieselfde soort probleme as by Job vind ek ook by Spreuke en Prediker, hoewel by laasgenoemde reeds meer fasette van die boek ter sprake kom. By laasgenoemde twee boeke word die besprekingsonderpe ook weer heeltemal verskillend gerangskik as by Job.

4.5 Algemeen

Die probleem wat aangeraak is by die bespreking van Loader se gedeeltes, naamlik dat die besprekings verskillend gehanteer is, is een wat veral tref in die boek. Hoewel die skrywers as 't ware 'n vry hand gehad het met hul onderskeie besprekings volgens die voorwoord, verloor die boek baie van sy effektiwiteit deurdat besprekings van verskillende Bybelboeke nie dieselfde soort inligting verskaf nie. Verhoudingsgewys verskaf sekere besprekings eenvoudig te min inligting.

Oor die algemeen is hierdie boek egter, soos die res van die reeks, van groot nut - veral weens die literatuurbenadering wat gevolg word. Die boeke behoort die algemene publiek te oortuig dat die lees van die Bybel nie 'n eenvoudige aksie is nie, maar 'n interpretasie-aksie. En laasgenoemde is nooit eenvoudig nie.

5. Resensie van Rewolusie en Reïnterpretasie, F E Deist & J H le Roux (reds), Kaapstad: Tafelberg, 1987

5.1 Inleiding

Daar bestaan geen twyfel nie dat die verskyning van hierdie boek uiters noodsaaklik was in die Ou-Testamentiese vakwetenskap. Historiografie het tot dusver heelwat aandag gekry by kongresse en in artikelpublikasies, maar nie in boekvorm nie; daarom is hierdie publikasie 'n besliste aanwinst.

Die grootste gedeelte van die Ou Testament is histories van aard in die sin dat daar historiese gegewens gebruik is om groot gedeeltes te skryf. Hoewel geargumenteer kan word dat die geskiedenis van die Bybel tendensieus is, beklemtoon die skrywers van hierdie boek tereg dat geskiedenis altyd tendensieus is, en dat die Bybel se geskiedenis nie dáárom verskil van ander geskiedenis nie.

Daar is egter 'n tweede rede waarom die boek nodig is, naamlik die feit dat die meeste van die Ou Testament tans geskiedkundig gelees word. Dit is daarom nodig

om aan die leser van die Bybel te verklaar hoe geskiedenis as literatuursoort gelees behoort te word, veral in die lig daarvan dat die geskiedkundige gegewens wat in die Bybel weergegee word nog in 'n groot mate onbevoegte aanvaar word (vgl p 33).

Die resensie van die boek word bemoeilik deurdat die skrywers 'n keuse maak vir die 'sosiale geskiedenis' in hoofstuk 3, en 'n 'geskiedenis van idees'-aanpak in hoofstuk 4 sonder om werklik in te gaan op die redes vir die keuses. 'n Skrywer is natuurlik vry om sulke keuses uit te oefen, maar 'n verduideliking in die verband kan die leser beslis in 'n beter posisie plaas om die betrokke hoofstukke te verstaan.

5.2 Metode

Soos genoem, wil die boek die lees van die geskiedenis aan die orde stel. Die Bybelse geskiedenis is volgens die skrywers vroeër aanvaar sonder bevoegtekening (p 33). Hierdie situasie geld nie meer in die wêreld van die geleerdes nie. Ander bronne word gebruik om die Bybelse weergawes van sake te verifieer en selfs te korrigeer, indien nodig (vgl hoofstuk 2).

Bybelse geskiedenis is geskryf in 'n era waar ander beginsels ten opsigte van geskiedenis gegeld het as vandag. Vandag is dit naamlik belangrik om feite wat gebruik word, gestand te doen en dan in 'n logiese samehangende verhaal saam te stel. In die tyd van die Ou Testament is daar nie dieselfde groot onus geplaas op die staving van feite nie, en kon verhale wat vir die moderne mens as legendes of propaganda of fabels kwalifiseer as geskiedenis aangebied word sonder om oor die wetenskaplike aard van sulke feite te twyfel of te argumenteer (vgl die verduideliking in hoofstuk 1). Hierdie manier van geskiedenis skryf laat natuurlik die vraag na waarheid in gedrang kom. Die waarheid in hierdie verhale moet dus op 'n ander vlak gesoek word as noodwendig in die feitelikheid van die gegewens wat die skrywers van die verhale hanteer.

Dit is nodig om te verstaan wat geskiedenis as sodanig is om die Ou-Testamentiese geskiedenis-gedeeltes te verstaan en dan ook die waarheid daarvan te verstaan. Alle geskiedenis is 'soort-geskiedenis'. Dit druk die perspektiewe uit van die skrywers daarvan. Om hierdie rede maak skrywers keuses waarin belangrike historiese feite selfs geïgnoreer kan word om die geskiedenisverhaal te laat pas by hul sieninge. 'n Aantal belangrike feite oor die geskiedenis van die Omriede is byvoorbeeld tersyde gelaat omdat die skrywers van die Bybel nie belang gestel het om hierdie - heelwat meer positiewe - inligting aan die lesers deur te gee nie. Die Bybelskrywers was eerder besig met 'n evaluering wat hul godsdienstige siening gepas het (vgl hoofstuk 3).

By die lees en *Rewolusie en Reïnterpretasie* behoort die leser die insig te kry dat die Bybel gelees moet word soos ander literatuur, volgens dieselfde interpretasiebeginsels as ander literatuur, omdat dit deur mense geskryf is met sekere sienings oor sake en met 'n bepaalde doel voor oë oor wat hulle wil bereik met hul geskiedenis, soos deur hulle weergegee.

5.3 Kritiese opmerkings

'n Paar sake pla egter wanneer die boek gelees word. Die eerste is juis dat daar nie in hierdie boek gevra word na die aard van die waarheid in die geskiedenisgedeeltes van die Ou Testament nie. Indien Bybelse geskiedskrywers 'n ander-soortige geskiedenis as in die modene tyd geskryf het waarin die feitelikheid van verhale nie noodwendig die toets van die wetenskaplike verifiëring kan deurstaan nie, is dit tog nodig om te vra na die aard van die waarheid wat in die geskiedenis tekste na vore kom, of ten minste te probeer uitklaar wáár om die waarheid in die verhale te soek. Sekerlik is dit so dat die Bybel tendensieuse geskiedenis bevat, maar om hierdie tendensieuse geskiedenis te vervang met 'n 'feitlike' geskiedenis, gerekonstrueer uit ander bronne plus die Bybel, los nog nie vraag op van die interpretasie van die Bybelverhale met hulle tendense nie.

Die tweede probleem wat opval, is die feit dat die leser in werklikheid met 'n soort integreringsprobleem sit. Hierdie probleem is eintlik deel van die eerste. Die leser word naamlik nie genoeg op hoogte van sake gehou van hoe die historiografie in die praktiese eksegese te werk gaan nie, of, anders gestel: die leser kry nie 'n beeld van hoe die rekonstruksie gerekonstrueer word vanuit die bronne nie. 'n Paar diagramme in hierdie verband sou al klaar van groot hulp wees. Dit sou byvoorbeeld van nut wees om op 'n baie eenvoudige manier diagrammaties aan te toon waar die Bybelse geskiedenis geld, en waar dit aangevul of gekorrigeer word deur ander bronne wat geruik word in die Omriedere-konstruksie van hoofstuk 3. Tans moet die leser self hierdie analise maak, en al ken hy die Bybelgeskiedenis goed, word daar ook nog verwag dat hy argeologiese of primêre bronne ken om te weet hoe die skrywers van die boek by hul rekonstruksies uitgekom het nie.

'n Verdere probleem word geskep deurdat die skrywers skynbaar aanvaar dat die leser verstaan waarom daar in hoofstukke 3 en 4 van twee heeltemal verskillende benaderings gebruik gemaak word sonder 'n eksplisiete verduideliking van die skrywers se doel hiermee. Die leser kry ook nie 'n verduideliking van hoe die 'teologiese' of 'idee'-benadering verskil van die 'sosiale' benadering nie. Dit sou deeglike insig van die leser verg om die twee soorte geskiedenis uit mekaar te hou en die verskil te probeer naspur vanuit die boek. Miskien sou dit wyser wees om een tydperk op albei maniere te bespreek, en daarmee te illustreer hoe 'n soort feitlike rekonstruksie vanuit die ander bronne (sosiale geskiedenis) verskil van 'n soort teologiese geskiedenis deur verskillende skrywers en gekonstrueerde skrywers (soos die Deuteronomis - ideëgeskiedenis). Hiermee sou die historiografie ook die interpretasie of verstaan van die betrokke tekste kon dien. Ongelukkig word hierdie integrasie-aksie, met sy uiters komplekse karakter, nou aan die vindingrykheid van die leser oorgelaat.

5.4 Konklusie

Rewolusie van Reïnterpretasie is 'n belangrike boek wat die teorie van historiografie goed uiteensit, en wat baie nodig was vir die Ou-Testamentiese wetenskap in Suider-Afrika. Die gedeeltes wat demonstreer hoe die historiografiese kennis toegepas word, kon egter meer eksplisiet op die interpretasie van die Bybel ingestel gewees het, en aan die leser verduidelik het hóé maak 'dit 'n verskil om die historiografie in ag

te neem by die lees van die Bybel, eerder as om die leser effens in die lug te laat met twee benaderings sonder behoorlike integrasie daarvan.

LITERATUUR WAARNA VERWYS WORD

- Anderson, B W 1983 (3). *The Living World of the Old Testament*. Essex: Longman.
- Bloesch, D 1980. The sword of the Spirit. The meaning of inspiration. *Themelios* 5, 14-19.
- Charpentier, E 1982. *How to read the Old Testament*. London: SCM.
- Deist, F E 1976. *Mosaïek van Moses*. Kaapstad: Tafelberg.
- Deist, F E & Burden, J J 1980. *'n ABC van Bybeluitleg*. Pretoria: Van Schaik.
- Deist, F E & Du Plessis, I 1981a. *God en sy Ryk*. Pretoria: Van Schaik.
- Deist, F E & Vosloo, W e.s. 1981b. *Van Eden tot Rome*. Kaapstad: Van Schaik.
- Du Plessis, I 1985. *Nasaret of Egipte: wie is reg?* Pretoria: Van Schaik.
- Fohrer, G 1968. *Introduction to the Old Testament*. (Translation by D E Green). New York: Abingdon .
- Hughes, G & Travis, G S 1983. *Die wêreld van die Bybel*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Hunter, J H 1987. Theophany in the Psalms. A study of selected theophany passages. D Litt-dissertasie, Universiteit van Stellenbosch.
- Johnson, E 1984. Author's intention and biblical interpretation, in Radmacher, E D & Preus, R D (eds), *Hermeneutics, inerrancy and the Bible*, 409-437. Grand Rapids: Zondervan.
- Kaiser, O 1975. *Introduction to the Old Testament*. Oxford: Basil Blackwell.
- King, J N 1975. Radical form criticism - modern myth? *Christianity Today*, 772-775.
- Klooster, F H 1984. The role of the Holy Spirit in the hermeneutic process: the relationship of the Spirit's illumination to biblical interpretation, in Radmacher, E D & Preuss, R D (eds), *Hermeneutics, inerrancy and the Bible*, 451-472. Grand Rapids: Zondervan.
- Noth, M 1972. *A history of Pentateuchal traditions*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Soggin, J A 1976. *Introduction to the Old Testament*. London: SCM.
- Stacey, W D 1979. *Groundwork of Biblical Studies*. London: Epworth.
- Von Rad, G 1962. *Old Testament Theology*. Vol 1 & 2. Edinburgh: Oliver and Boyd.
- Vosloo, W 1987. *Meer as net 'n storie*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Walton, R C (ed) 1970. *A source book of the Bible for teachers*. London: SCM.
- Weinfeld, M 1972. *Deuteronomy and the Deuteronomic School*. Oxford: Oxford University Press.
- White, R E O 1979. *Biblical Ethics: the changing continuity of Christian Ethics*. Vol 1. Exeter: Paternoster.